

Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 29

> *En nou het ek my voorgeneem om ’n verbond te sluit met die Here die God van Israel … (2 Kron 29:10)*

Toe Hiskia koning geword het, was alles teen hom. Die land was verlam deur afgodsdiens; die tempel gesluit. Dis asof die Here

weggejaag is uit die land. Hiskia beskryf iets daarvan in verse 5 tot 9. Die situasie moes omgekeer word, maar hoe? Sy vrome oupa Jotam kon dit nie regkry nie (27:2).
Hoe maak jy reg wat verkeerd is? En hoe neem jy jou mense met jou saam? Hiskia het besef dat ’n bietjie afstof en regmaak aan die verwaarloosde tempel nie die verskil gaan maak nie. ’n Ware, grondige hartsverandering was nodig.
Eerstens behels dit ’n nuwe verbond, ’n verbintenis om God te dien (vers 10). Daarvoor moes dit wat verkeerd was, uitgegooi word. Die tempel moes gereinig word en alles wat nie daar gehoort het nie, moes weggegooi word (vers 16). Eers toe kon hulle met die Here regmaak deur sonde-offers en dankoffers (vers 20-36), vergesel met lofsang (vers 28).
As dinge in jou geloofslewe skeefgeloop het, is meer as kosmetiese veranderinge nodig. ’n Nuwe verbintenis aan God is nodig. Oortuigings, gewoontes en lewenswyses moet eers opgeruim word. Eers dan kan jou geloof weer bloei.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026